

Maandag 28 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 4:11-17

Fokusgedeelte: Jakobus 4:15

Ek kan Godsversekerd sê “As die Here wil”, want sy wil is goed

In Palestina vorm daar dikwels by die kus dampwolkies wat gou weer verdwyn. Dit is hoe ons lewens is, volgens Jakobus. Ons is soos 'n damp wat 'n oomblik verskyn en die volgende oomblik weg is.

Alhoewel ons met Jakobus sou saamstem, wys hy 'n fout uit in die manier wat ons elke dag lewe. Ons sê dikwels: “Vandag of môre sal ons na dié en dié stad gaan en daar een jaar deurbring en handel drywe en wins maak.” Hierdie woorde was in die destydse same-lewing baie meer selfversekerd as vandag, want min mense het ver gereis en reis was onveilig. Min mense het lang reise oorleef – en wat nog van die selfversekering dat hulle daar sal handel dryf en wins maak? Hulle laat God buite rekening, omdat hulle net op hulleself vertrou.

Jakobus roep die gelowiges op om teenoor hierdie selfversekerde hartsgesindheid eerder te sê: “As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen.” Hierdie woorde is nie maar net 'n rymple nie, maar dit moet uit 'n hart kom wat waarlik God se perspektief op die lewe het. Elke dag is net genade, en waarheen ek gaan of wat ek ook al doen, is in God se hande. Ek is dus nie selfversekerd nie, maar eerder Godsversekerd.

Ek en jy lewe so Godsversekerd juis omdat ons in Jesus Christus kinders van die Vader is. In verhouding met Hom kan ek elke dag sê “As die Here wil ...”, want sy wil is goed.

Sing: Psalm 18:1, 2

Teologiese Student CJ (Jaco) Lemmer